basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2017**

**VRYSTAAT**

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 30 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40) |
| AFDELING D: | Letterkunde | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 20 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |
| AFDELING D: | 40 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die tydskrifartikel (TEKS A) hieronder en beantwoord die vrae.

## TEKS A

### SUID-AFRIKA SE GROOT VYF

1 Agter op ons geldnote is daar 'n renoster, olifant, leeu, buffel en luiperd. Dit is die Groot Vyf.

2 Die Groot Vyf is uniek aan Afrika. Suid-Afrika is een van elf Afrikalande waar ons die Groot Vyf kry. Ons kry hulle ook in lande soos Botswana en Zimbabwe.

3 Grootwildjagters het die naam "Groot Vyf" aan hierdie vyf diere gegee. Hulle word so genoem omdat dit moeilik is om hulle te jag. Die naam het niks te doen met hoe groot die diere is nie.

4 Die **leeu** is die "koning van die diere". Leeus is groot en is deel van die katfamilie. Hulle pels is kort en geelbruin. Die mannetjies het groot maanhare om hul nek en skouers. Leeus bly in oop gebiede. Dis hoofsaaklik die wyfies wat jag. Hulle jag saans as 'n groep.



5 

Met sy logge liggaam en groot, flappende ore, is die **olifant** die grootste van die Groot Vyf. Een van die olifant se kenmerke is die gespierde slurp. Die olifant gebruik dit soos 'n hand om blare, plantwortels, vrugte en water na sy mond te bring. Olifante het ivoortande wat diep in die kopbeen vassit. Dit is baie groot snytande wat regdeur die dier se lewe aanhou groei. Daar word baie geld vir hierdie ivoortande betaal.

6 **Renosters** is groot diere wat in Afrika se grasvelde en berghange voorkom. Die swartrenoster en die witrenoster se bekke verskil, maar albei het twee neushorings en baie dik velle. Renosters word vir hierdie horings gejag; daarom is daar min renosters oor.



7 

**Buffels** is groot en sterk en eie aan Afrika. 'n Tipiese kenmerk van buffels is die horings wat 'n helm oor hulle voorkoppe vorm en tot een meter lank kan word. Daar is baie mense wat sê dat buffels meer jagters in Afrika doodmaak as enige ander dier. As buffels gewond is, is hulle baie gevaarlik. Hulle lê mense voor en val hulle aan. Geen wonder onbeskofte en nors mense word buffels genoem nie!

8 Die **luiperd** is ook lid van die katfamilie. Sy bleekbruin pels het swart vlekke in die vorm van gebroke sirkels. Party is donkerder van kleur, terwyl ander heeltemal swart is. Luiperds is goeie klimmers wat dikwels apies in bome sal bekruip. Luiperds is nagdiere en baie skelm. Daarom is dit moeilik om hulle te jag. Hulle is skrikkerig vir mense en sal eerder vlug as om aan te val.



9 Dit is gevaarlik om die Groot Vyf te jag. Jagters hou daarvan om hierdie diere te jag, want dit wys dat hulle goeie jagters is. Hulle het lisensies nodig om hierdie diere te kan jag, maar baie mense jag onwettig. In Suid-Afrika is veral die stropery ("poaching") van renosters 'n groot probleem. Daar word baie geld gebruik om onwettige jag te stop, maar pogings is nie altyd suksesvol nie. Dikwels word die diere doodgemaak, die horings word uitgekap en dan word die karkasse net so agtergelaat.

10 Suid-Afrika en die Groot Vyf is byna sinoniem. Baie buitelandse toeriste kom hierheen om hierdie diere te sien. Ongelukkig is daar al hoe minder olifante, renosters en leeus. Suid-Afrikaners sal moet saamwerk om te keer dat hierdie diere heeltemal verdwyn.

[Verwerk uit Mieliestronk.com]

1.1 In hoeveel Afrikalande kry ons die Groot Vyf? (1)

1.2 Waarom is die volgende stelling ONWAAR?

'n Mens kan die Groot Vyf oral in die wêreld sien. (1)

1.3 Watter TWEE diere van die Groot Vyf is lede van die katfamilie? (2)

1.4 Hoe weet ons dat leeus tropdiere is? (1)

1.5 Skryf EEN WOORD uit die teks neer wat sê dat die olifant se liggaam groot is. (1)

1.6 Waarmee word die olifant se slurp in paragraaf 5 vergelyk? (1)

1.7 Watter TWEE soorte renosters kry ons in Afrika? (2)

1.8 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Iemand wat 'n buffel genoem word, is iemand wat (mense sleg behandel/ baie groot en sterk is). (1)

1.9 Waarom is die volgende stelling ONWAAR?

Luiperds jag net op die grond. (1)

1.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.10) en die letter (A–D) neer.

Waarom hou jagters daarvan om die Groot Vyf te jag?

A Die jagters kry baie geld vir hierdie diere se velle.
B Dit is vir jagters 'n uitdaging om hierdie diere te jag.
C Ander mense is bang vir jagters wat groot diere skiet.
D Dit is die vyf grootste wilde diere. (1)

1.11 Voltooi die sin hieronder met 'n WOORD uit die teks:

Mense wat onwettig jag, jag sonder ... (1)

1.12 Daar word baie geld gebruik om onwettige jag te stop, maar pogings is nie altyd suksesvol nie. (Paragraaf 9)

1.12.1 Behalwe om geld te spandeer om stropers te vang, wat kan nóg gedoen word om die onwettige jag van renosters te stop? (1)

1.12.2 Hoekom, dink jy, hou die stropery nie op nie? (1)

1.13 Lees weer reël 42–44.

Hoe weet ons dat renosterstropers die renosters nie doodmaak omdat hulle die vleis wil eet nie? (1)

1.14 Kies die inligting in KOLOM B wat by die diere in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (1.14.1–1.14.5) en die letter (A–F) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.14.1 | Leeus | A | Hulle groot snytande hou aan groei. |
| 1.14.2 | Olifante | B | Die twee tipes se bekke lyk nie dieselfde nie. |
| 1.14.3 | Renosters | C | Hulle maak baie jagters dood. |
| 1.14.4 | Buffels | D | By hierdie diere kan 'n mens duidelik die verskil tussen mannetjies en wyfies sien. |
| 1.14.5 | Luiperds | E | Hierdie diere se sterte het geen hare nie. |
| | | F | Hulle hou nie van konfrontasie met mense nie. |

(5 x 1) (5)

1.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die vraagnommer (1.15) en die letter (A–D) neer.

Hoe bring die Groot Vyf geld vir Suid-Afrika in?

A Die Groot Vyf se vleis word oorsee verkoop.
B Toeriste kom na Suid-Afrika toe om die Groot Vyf te sien.
C Die Groot Vyf se velle, tande en horings word verkoop.
D Televisiekanale betaal geld vir programme oor die Groot Vyf. (1)


1.16 Waarom is dit 'n goeie idee dat die Groot Vyf agter op ons geldnote is? (1)

1.17 Wat het jy uit hierdie artikel geleer? (1)

**TEKS B: VISUELE TEKS**

Bestudeer die teks (TEKS B) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS B**




[Verwerk uit Grafika 24]

1.18 Waarvoor word die minste water gebruik? (1)

1.19 Wat stel die simbool  voor? (1)

1.20 Watter persentasie water word in huise gebruik? (1)

1.21 Wat is die doel van hierdie visuele teks? (1)

1.22 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.22) en die letter (A–D) neer.

Watter sektor sal die meeste water bespaar as Suid-Afrika gedurende die jaar goeie reën kry?

A Fabrieke
B Elektrisiteit
C Myne
D Boerdery (1)

1.23 Waarom word hierdie teks 'n visuele teks genoem? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: DINGE OM TE ONTHOU AS JY GESOND WIL LEEF

- Som die SEWE dinge wat jy moet onthou as jy gesond wil leef, in SEWE VOLSINNE op.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou EIE WOORDE neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C


Jou liggaam glo wat jy dink. As 'n mens positief is, hou dit jou liggaam gesond. Fokus dus op positiewe dinge.




Maak seker dat jy elke nag genoeg slaap. Dit sal jou help om beter te konsentreer. Jy sal ook beter onthou.




Te veel gemorskos en suiker is ongesond vir jou. Gesonde kos voed jou brein. Daarom moet jy elke dag drie gebalanseerde etes eet.



Gereelde oefening gee jou meer energie. Dit keer ook dat jy vet word. Dit is dus nodig dat jy gereeld fisiese aktiwiteite doen.



Lees of doen kreatiewe dinge in jou vrye tyd. Dit is beter vir jou as om te veel televisie te kyk of om op jou selfoon te wees.



Swak higiëne veroorsaak dat siektes versprei. Bad of stort gereeld en was jou hande voor elke ete. Dit sal help dat jy nie siek word nie.



Dit is baie gevaarlik om drank en dwelms te misbruik. Vermy dit eerder. Dit kan jou baie siek maak. Jy sal dan ook nie mooi na jouself kyk nie.



[Verwerk uit howtolivewell.co.za]

**TOTAAL AFDELING B: 10**


Kopiereg voorbehou 

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees en bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**



3.1 Wie is die teikengroep van hierdie advertensie? (1)

3.2 Hoe trek die adverteerder die leser se aandag na die opskrif? (1)

3.3 Gee die AFKORTING van "meneer". (1)

3.4 Maak die spelfout in die sin reg.

Skryf better opstelle! (1)

3.5 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Die leesteken aan die einde van die sin is 'n (vraagteken/uitroepteken):

Verbeter jou punte! (1)

3.6 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Kry die (hoog) punte in jou klas! (1)

3.7 Die beste onderwyser in die land!

Is hierdie stelling 'n FEIT of 'n MENING?

Motiveer jou antwoord. (1)

3.8 Maak seker dat jy voorbereid vir die eksamen is!

Skryf EEN WOORD neer wat die adverteerder in hierdie sin gebruik om direk met elke leser te praat. (1)

3.9 Skryf die hele sin in die LYDENDE VORM oor.

Meneer Botha leer baie kinders.

**Begin só:** Baie kinders ... (1)

3.10




Waarom pas hierdie prent by die advertensie? (1)
**[10]**

## VRAAG 4: SPOTPRENT

Bestudeer die spotprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS E**




[Verwerk uit *Volksblad,* 6 Januarie 2016]

4.1 Kies die korrekte UITROEP tussen hakies.

(SIESTOG/HOERA), BOETA IS DEUR!! (1)

4.2 Skryf die sin in die INDIREKTE REDE oor.

Ma sê: "Die matriekuitslae is bekend."

**Begin só:** Ma sê dat ... (1)

4.3 Boeta is deur!!

Gebruik die woord "deur" in 'n sin sodat dit 'n ANDER BETEKENIS het. (1)

4.4 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

As Boeta dink, 

wys hy dat hy (opgewonde is/nie belangstel nie). (1)

Kopiereg voorbehou 

4.5 Hoe kan ons uit die spotprent aflei dat die gesin partytjie hou omdat Boeta geslaag het? Noem TWEE dinge. (2)



4.6 Kyk na die hond. Hoe kan ons aan die hond sien dat hy/sy lekker saam met die ander dans? (1)

4.7 Skryf EEN WOORD uit die sin neer wat vir ons sê dat Sussie dink haar boetie is oulik:

My boetie is koel ... want hy is deur! (1)

4.8 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Boeta lê op die bank. Die gesin dans. (terwyl) (1)

4.9 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.9) en die letter (A–D) neer.

Die gesin is **in die wolke** omdat Boeta matriek geslaag het.

Dit beteken dat die gesin baie ... is.

A bly
B dronk
C vriendelik
D bekommerd (1)

**[10]**

## VRAAG 5

5.1 Lees die teks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F: LEESTEKS**

**KINDERS HERWIN EN SPAAR**

Op Hermanus is daar 'n unieke, klein (5.1.1) winkel by 'n kleuterskool.

(5.1.2) (Elke week) maak kinders rommel bymekaar. Hulle (5.1.3) (bere/bêre) dit in swart sakke. Hulle neem dit (5.1.4) (winkel toe) (op 'n Woensdagmiddag) (entoesiasties).

Dié projek is (5.1.5) 15 jaar gelede deur mev. Marilyn van Velden begin. Sy het eers uit die kattebak van (5.1.6) (hom/haar/sy) motor gewerk. Nou werk sy uit die kleuterskool se (5.1.7) motor+huis.

Die sakke is amper net so (5.1.8) klein soos die kinders, maar hulle sleep dit agter hulle aan. Sonder (5.1.9) ... gevra ... word, staan die kinders dadelik in 'n ry. Hulle wag dat die sakke op 'n skaal (5.1.10) (gemeet/geweeg) word. Die kinders kry dan kaartjies met punte (5.1.11) (met wat/waarmee) hulle iets in die winkel kan koop.

Die kinders is nie selfsugtig (5.1.12) ... Hulle koop gewoonlik iets soos (5.1.13) (rys/reis) of seep vir die res van die gesin.

Hierdie projek leer kinders van herwinning en om die (5.1.14) omgewing op te pas.

[Verwerk uit *Die Burger*, 22 Oktober 2016]

5.1.1 Gee die VERKLEININGSVORM van "winkel". (Reël 1) (1)

5.1.2 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies. (Reël 2)

(Elke week) maak kinders rommel bymekaar. (1)

5.1.3 Kies die korrekte SPELLING tussen hakies. (Reël 3)

Hulle (bere/bêre) dit in swart sakke. (1)

5.1.4 RANGSKIK die woorde tussen hakies in die korrekte VOLGORDE. Skryf die hele sin oor. (Reël 3–4)

Hulle neem dit (winkel toe) (op 'n Woensdagmiddag) (entoesiasties).

**Begin só:** Hulle neem dit ... (1)

5.1.5 Skryf die GETAL 15 in woorde. (Reël 5) (1)

5.1.6 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies. (Reël 6)

Sy het eers uit die kattebak van (hom/haar/sy) motor gewerk. (1)

5.1.7 Gee die korrekte SAMESTELLING van "motor+huis". (Reël 7) (1)

5.1.8 Gee die ANTONIEM van "klein". (Reël 8) (1)

5.1.9 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sinsdeel oor. (Reël 9)

Sonder ... gevra ... word (1)

5.1.10 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. (Reël 11)

Hulle wag dat die sakke op 'n skaal (gemeet/geweeg) word. (1)

5.1.11 Kies die KORREKTE woord(e) tussen hakies. (Reël 12)

... kaartjies met punte (met wat/waarmee) hulle iets in die winkel kan koop. (1)

5.1.12 Vul die ONTBREKENDE woord in. (Reël 13)

Die kinders is nie selfsugtig ... (1)


5.1.13 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. (Reël 14)

Hulle koop gewoonlik iets soos (rys/reis) of seep vir die res van die gesin. (1)

5.1.14 Verdeel die woord "omgewing" volledig in LETTERGREPE. (Reël 15) (1)

5.2 Lees die teks (TEKS G) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**




[Bron: www.nationwideeducation.co.uk]

Kies telkens die KORREKTE antwoord tussen hakies.

5.2.1 Die werkskamer se deur is (oop/toe). (1)

5.2.2 Die (leer/trappies) staan teen die muur. (1)

5.2.3 Daar lê 'n paar (spykers/naalde) op die werkstafel. (1)

5.2.4 Die besem hang (agter/tussen) die tuinskêr en die saag. (1)

5.2.5 Daar staan 'n (beil/byl) langs die deur. (1)

5.2.6 Daar staan baie (emmers/blikke) met verf oral rond. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

Beantwoord SLEGS die vrae oor die boek wat jy behandel het, dit wil sê, VRAAG 6 OF VRAAG 7.

**VRAAG 6: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

**VERHAAL A: "ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK" (20)**

**EN**

**VERHAAL B: "MY BROER SE KRAAI" (20)**

**VERHAAL A: "ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK" – Abraham H de Vries**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS H**

Oplaas, en daardie Saterdag toe Barrydale se eerste span daar kom speel het ook, het hy in die hotel gewoon, …

***

… So was dit toe ook daardie Saterdag, maar daardie Saterdag was daar neukery, want Rooikoos Willemse het die oggend so teen halfelf se kant al homself sitgemaak daar in die hoek van die kantien …

***

Die Barrydalers het die rusie nie begin nie, ek glo dit nie, en …

***

… "Ek sal daar wees vemirrag, ditsemsedatsemse," en al die soort dreigemente. Rooikoos was die agtermiddag daar. Dit was sy fout ... En ek het jou al gesê Rooikoos had 'n stem soos 'n beeskalf se bulbulk.

6.1 Hoekom het Rooikoos Willemse in die hotel gewoon? (1)

6.2 Watter swakheid van Rooikoos Willemse kom in reël 3–5 na vore? (1)

6.3 "Ek sal daar wees vemirrag, ditsemsedatsemse," …

6.3.1 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.3.1) en die ontbrekende woord neer.

| moeilikheidmaker; vredemaker; grapmaker |
|---|

As Rooikoos hierdie dinge sê, kan ons aflei dat hy 'n … was. (1)

6.3.2 Hoekom, dink jy, word die woord "vanmiddag" hier bo as "**vemirrag**" geskryf? (1)

6.4 Wie het gekeer dat Rooikoos en die Barrydalers mekaar slaan? (1)

6.5 Watter fout het Rooikoos daardie middag gemaak? (1)

6.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.6) en die letter (A–D) neer.

"… Rooikoos had 'n **stem soos 'n beeskalf se bulbulk**" is 'n voorbeeld van ...

A 'n metafoor.
B kontras.
C klanknabootsing.
D 'n vergelyking. (1)

6.7 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Rooikoos het van sy stoel afgeval omdat hy so dronk was.
- Rooikoos het baie drankies gekry om te drink.
- Barrydale se losskakel het die strafskop misgeskop.
- Die Barrydalers het Rooikoos Barrydale toe geneem. (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS I**

Daar, in die hotel op Barrydale, word Rooikoos Willemse toe die volgende oggend – nog 'n Sondagoggend daarby – wakker.

***

Hy staan stadig op en hy bekruip die spieël soos iemand wat vooraf weet hy gaan skrik.

***

En Rooikoos staan met die gehoorbuis in sy hand en die trane loop oor sy wange omdat daar niemand, niemand meer is om mee te praat nie, noudat hy praat só nodig het.

6.8 Uit hierdie uittreksel kan ons aflei dat Rooikoos nog net so arrogant soos die vorige dag was.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.9 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter(s) in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.9.1–6.9.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.9.1 | Die verteller | A | … het gaan kyk of Rooikoos in sy eie kamer op sy tuisdorp was. |
| 6.9.2 | Die jongklomp | B | … het die oggend op Barrydale wakker geword. |
| 6.9.3 | Die kelner | C | … het vir Rooikoos 'n kamer op Barrydale gekry. |
| 6.9.4 | Jan | D | … was die eerste persoon met wie Rooikoos die Sondagoggend gepraat het. |
| | | E | … het die Barrydalers positief beskryf. |

(4 x 1) (4)

6.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die vraagnommer (6.10) en die letter (A–D) neer.

'n Les wat 'n mens uit hierdie kortverhaal kan leer, is dat jy ...

A nooit in 'n hotel moet oorslaap nie.
B soos 'n goeie sportman kan verloor.
C nooit by 'n rugbywedstryd mag skree nie.
D vriendelik teenoor hotelpersoneel moet wees. (1)

6.11 Die gebeure die Sondagoggend is die gevolg van verkeerde keuses wat Rooikoos die vorige dag gemaak het.

Noem TWEE verkeerde keuses wat Rooikoos daardie Saterdag gemaak het. (2)

6.12 Hoekom, dink jy, het Rooikoos aan die einde van die verhaal iemand nodig gehad om mee te praat? (1)

**EN**

**VERHAAL B: "MY BROER SE KRAAI" – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS J**

Los die kraai, het ons almal gesê, maar my broer wou nie luister nie. Hy het geheg geraak aan die kwaai kraai. Dit was syne. Hy het elke dag by die hok gesit en met die kraai gepraat, met hom probeer maats maak, die kraai gepaai. Hy was lief vir die kraai en hy wou hom nie loslaat nie.

***

Hy was nog net so vraatsig en venynig soos altyd, maar hy het nie meer so goed gelyk soos vroeër nie.

***

… sy vlerkvere was yl en bederf.

6.13 Waar het die verteller se broer die kraai opgetel? (1)

6.14 Die kraai kon nie vlieg nie, want sy een vlerk het seergekry.

Noem nog TWEE dinge wat fout was met die kraai toe die verteller se broer hom opgetel het. (2)

6.15 Die verteller se broer het moeite gedoen om die kraai te versorg.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.16 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.16) en die ontbrekende woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| groot; | koud; | vreemd |

Die kraai het homself beseer, want die hok was vir hom te … (1)

Kopiereg voorbehou 
FREE STATE

6.17 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.17) en die letter (A–D) neer.

Die skrywer sê die kraai se vlerkvere was "**yl en bederf**" in plaas van net stukkend en vuil. Die skrywer wou daarmee beklemtoon …

A hoe hartseer die verhaal is.
B hoe sleg die kraai gelyk het.
C dat die broer die kraai moes laat gaan.
D dat die broer die kraai sleg behandel het. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS K**

Ek en my broer was gelyk in die kombuis en gelyk in die agterplaas. Die kraai het kordaat in sy hok gesit – en weer gelag toe hy my broer sien. Maar dit was eers toe ek daardie stywe stappie van hom sien dat ek seker geweet het dis dieselfde kraai.

My broer het net daar gestaan. Sommer net.

***

My broer het nie die hekkie toegemaak nie. "Dis beter oop," het hy gesê.

***

Want van daardie Woensdag af was die kraai my broer s'n.

6.18 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.18.1–6.18.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.18.1 | Simon | A | … het die kos in die kraai se hok gaan gooi. |
| 6.18.2 | Die kraai | B | … was vroeg al op die werf, maar het niks vreemds gesien nie. |
| 6.18.3 | Die verteller se broer | C | … het die hok begin vermy. |
| 6.18.4 | Die verteller | D | … het brood en vleis gaan haal. |
| | | E | … het eers gelag en toe word die lag 'n huil. |

(4 x 1) (4)

6.19 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.19) en die letter (A–D) neer.

"**Die kraai het** kordaat in sy hok gesit – en weer **gelag** toe hy my broer sien" is 'n voorbeeld van …

A kontras.
B 'n vergelyking.
C personifikasie.
D 'n metafoor. (1)

6.20 Waarom het die verteller se broer net daar gestaan toe hy die kraai weer gesien het? (1)

6.21 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Die kraai het tussen die bome weggevlieg.
- Die verteller se broer het nooit weer die hok se hekkie toegemaak nie.
- Die verteller se broer het die kraai uit die hok gehaal.
- Na drie dae het die kraai weer teruggekom na sy hok toe. (4)

6.22 Dink jy die gesin was reg om die broer te los om self te besluit wat hy met die kraai wou doen? Motiveer jou antwoord. (1)

6.23 Hoe, dink jy, sou die verhaal geëindig het as die broer nie die kraai losgelaat het nie? (1)

6.24 My broer het nie die hekkie toegemaak nie. "Dis beter oop," het hy gesê. (Reël 6)

Watter mooi eienskap van die broer sien ons in hierdie optrede? (1)

6.25 "Want van daardie Woensdag af was die kraai my broer s'n." (Reël 7)

Waarom is hierdie sin 'n goeie slot vir hierdie kortverhaal? (1)
**[40]**

**VRAAG 7: *OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

**VERHAAL A: "TANT NELIE SE VEERPLUIME" (20)**

**EN**

**VERHAAL B: "LEUENS" (20)**

**VERHAAL A: "TANT NELIE SE VEERPLUIME" – Henriette Grové**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS L**

... Elke keer was dit maar weer die Wahl- en Maré-storie – tot ek op 'n middag na tant Nelie toe gery het. Ek het geen doekies omgedraai nie: "Tante, ek wil daardie veerpluim-resep koop; wat wil tante daarvoor hê?"

Sy het ook reguit gepraat: "Dis nie te koop nie; jy weet dit net so goed soos ek."

Ek het aangehou, maar tant Nelie het my aangekyk met 'n snaakse glimlaggie om die mond: "Dis nie te koop nie, Peet; ..."

7.1 Die veerpluim-resep speel 'n belangrike rol in die verhaal.

7.1.1 Vir wie wou Peet die veerpluim-resep gegee het? (1)

7.1.2 Waarom was dit vir Peet so belangrik om die resep vir hierdie persoon te gee? (1)

7.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.2) en die letter (A–D) neer.

"Ek het geen doekies omgedraai nie: ...," (reël 2) beteken dat Peet ...

A nie langer kon wag om met tant Nelie te praat nie.
B reguit na tant Nelie se huis toe gegaan het.
C nie bang was om na tant Nelie toe te gaan nie.
D duidelik vir tant Nelie gesê het wat hy wou sê. (1)

7.3 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (7.3) en die ontbrekende woord neer.

| gestereotipeer; gekritiseer; gemanipuleer |
|---|

Tant Nelie het Peet met 'n snaakse glimlaggie aangekyk, want sy het geweet dat Peet deur 'n vroumens ... is om die resep by haar te kry. (1)

7.4 Peet se ma wou hom nie help om die resep by tant Nelie te kry nie. Waarom kan 'n mens sê dat Peet se ma reg opgetree het? (1)

7.5 Die verteller stel tant Nelie aan ons voor as iemand met goeie waardes.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

7.6 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (7.6.1–7.6.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.6.1 | Tant Nelie | A | … het nie van kinderagtige mense gehou nie. |
| 7.6.2 | Ursula | B | … was altyd vriendelik en gereed om ander mense te help. |
| 7.6.3 | Peet se ma | C | … het ander mense misbruik om te kry wat sy wou hê. |
| 7.6.4 | Kit | D | … het daarvan gehou om na stories oor ander mense te luister. |
| | | E | … was 'n fyn vrou, maar koud en deftig. |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS M**

Sy het die kis oopgesluit, en ek het die kers vasgehou. Toe begin sy uitpak. Eers 'n stapel spierwit linne, toe geborduurde slope.

***

"Hier is dit, Peet," en sy hou 'n boek met 'n lap-oortreksel op. Daarby is 'n pakkie in dun wit papier toegedraai.

"Ja, en hierdie pakkie?"

Voor sy nog kon antwoord, het die dun papier al losgeraak, en ...

7.7 Noem TWEE dinge wat in die pakkie was. (2)

7.8 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Kit het vir die eerste keer veerpluime gebak.
- Peet het sy hoed gevat en van Kit af weggeloop.
- Peet het vir Kit 'n yslike vuur gemaak.
- Kit het tant Nelie se resep 'n paar keer deurgelees. (4)

7.9 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.9) en die letter (A–D) neer.

'n Les wat ons in hierdie kortverhaal by Peet kan leer, is dat …

A 'n mens maar oneerlik mag wees, solank niemand daarvan weet nie.
B dit nooit te laat is om 'n fout reg te stel nie.
C 'n mens jou ouers se raad moet vra as jy probleme het.
D dit verkeerd is om nie te doen wat jy gesê het jy gaan doen nie. (1)

7.10 Hoekom, dink jy, het tant Nelie verkeerd opgetree toe sy vir Peet gesê het dat hy die Maré-resepteboek moes hou? (1)

7.11 Hoekom pas die titel, "Tant Nelie se veerpluime", so goed by die verhaal? (1)

7.12 Peet het regte en verkeerde keuses in sy lewe gemaak.

Waarom was dit die regte keuse om vir Kit te los? (1)
**[20]**

**EN**

**VERHAAL B: "LEUENS" – CM van den Heever**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS N**

... Sy het skielik opgestaan. "Kyk, dit is kwart voor vyf, ek moet na die bus," en in haar die weeïge gevoel dat die hele middag 'n droewige mislukking was.
Maar Olga, met haar doodsekere stem en gebaar, het al weer raad. "Wag, ek bring jou weg," en hoe Naomi nou ook al teenstribbel, dit is verniet. Nou begin die plannemakery weer, die leuens ... Haar vriendin trek haar nuwe tweesitplekmotortjie uit die garage en ...

7.13 Noem TWEE leuens wat Naomi in hierdie verhaal vertel het. (2)

7.14 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Naomi is per bus na Olga se huis in Saxonwold.
- Naomi en Olga het mekaar in die stad raakgeloop.
- Naomi het spesiaal vir haarself 'n rok gemaak.
- Olga het vir Naomi genooi om by haar te gaan kuier. (4)

7.15 Terwyl Naomi by Olga gekuier het, het Olga vir Naomi gevra om haar met iets te help. Waarmee moes Naomi vir Olga help? (1)

7.16 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (7.16.1–7.16.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.16.1 | Naomi | A | … moes in armoede grootword. |
| 7.16.2 | Olga | B | … het nie van ryk mense gehou nie. |
| 7.16.3 | Naomi se man | C | … kon nooit aan 'n armoedige lewe gewoond raak nie. |
| 7.16.4 | Naomi se kind | D | … het in Westcliff gewoon. |
| | | E | … was gemaklik in 'n weelderige omgewing. |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS O**

> ... Naomi sien die agterdogtige blik in haar vriendin se oë en verward groet sy, bedank ... is op pad, terwyl sy in haar hart weet dat dit tussen hulle twee vir ewig uit is, dat dinge nooit meer sal word soos dit was nie. Die motor van haar vriendin glans reeds by die draai om. Dit is of al die onwaarhede, die huigelary plotseling in Naomi se gees soos afskuwelike drake opstaan.
>
> ***
>
> … Sy gaan na die klein slaapkamer en in die donker verklee sy haar. Sy sit haar voorskoot aan, meganies en met vinnig bewegende vingers.

7.17 Hoekom het Naomi vir Olga gevra om haar voor 'n huis in Westcliff af te laai? (1)

7.18 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.18) en die letter (A–D) neer.

"Dit is of al die **onwaarhede**, die huigelary plotseling in Naomi se gees **soos afskuwelike drake opstaan**," (reël 5 en 6) is 'n voorbeeld van ...

A klanknabootsing.
B 'n metafoor.
C personifikasie.
D 'n vergelyking. (1)

7.19 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (7.19) en die ontbrekende woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| beroepe; | kleredrag; | omstandighede |

Naomi het geweet dat dinge tussen haar en Olga nooit weer sou wees soos dit was nie. Hulle ... het te veel verskil. (1)

7.20 Naomi se man was altyd werkloos.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

7.21 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.21) en die letter (A–D) neer.

Olga het agterdogtig na Naomi gekyk, want Olga ...

A het besef dat Naomi vir haar leuens vertel het.
B het nie van Naomi se tuisgemaakte rokkie gehou nie.
C was nie lus om in die reën te ry nie.
D was haastig om by die klub te gaan werk. (1)

7.22 Hoekom kan 'n mens sê dat Naomi se man onverantwoordelik was? (1)

7.23 "Sy gaan na die klein slaapkamer en in die donker verklee sy haar. Sy sit haar voorskoot aan, meganies en met vinnig bewegende vingers." (Reël 6–7)

Hoekom kan ons sê dat Naomi in hierdie deel van die verhaal skuldig gevoel het? (1)

7.24 Hoe sou die verhaal anders geëindig het indien Naomi vir Olga van haar omstandighede vertel het? (1)

7.25 Naomi se man was baie ontevrede toe sy teruggekom het na haar kuier by Olga.

Wat sou jy graag vir Naomi se man wou sê nadat jy gelees het hoe hy haar toe behandel het? (1)
**[40]**

**VRAAG 8: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS P**

*(Die klank van 'n kar wat nadergery kom, toet en stop.)*

**Wilma** Dis seker nou hulle. Gaan jy aan. *(Wilma regs af. Binki kyk hoe Wilma wegstap en loop dan vinnig uit die stal. Sy begin weer om die saal te olie. Wilma op, gevolg deur Lucky.)* Dis nou Lucky. Lucky, dis nou Binki.

**Lucky** *(Knik vir Binki.)* Jis.

**Binki** Hallo.

**Wilma** Jy kan my Wilma noem. Daardie perd is Tinkerbelle. En hierso is Lady Jane.

**Lucky** *(Hy maak of hy gaap.)* Big deal.

**Wilma** Jy moet maar dadelik begin. Gaan hang jou sak in die stoorkamer. *(Sy beduie.)* Ek sê, gaan hang jou sak daarso. *(Lucky ignoreer haar, haal sy selfoon uit en begin om daarop te tik. Binki bly selfbewus besig met die saal.)*

***

**Lucky** Ek gaan flippenwil dood wees voor my tyd om is.

**Binki** Jou tyd?

***

**Wilma** Hou tog op om so kru te wees. Niemand dink jy is snaaks nie. Praat van perdemis. Jy kry nie middagete voordat jy nie alles weg het na die hoop daar anderkant die stalle nie.

8.1 In hierdie toneel bevind Lucky hom by die ryskool. (1)

8.1.1 Wat is die naam van die ryskool waar hierdie toneel afspeel? (1)

8.1.2 Aan wie het hierdie ryskool behoort?

8.1.3 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Lucky se (onderwyser/prokureur) het hom by die ryskool afgelaai. (1)

8.1.4 Waarom het hierdie spesifieke persoon vir Lucky by die ryskool afgelaai? (1)

8.2 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (8.2) en die ontbrekende woord neer.

Lucky het gemaak of hy gaap, want hy wou wys dat hy … die situasie was.

| moeg vir; | verveeld met; | opgewonde oor |
|---|---|---|

(1)

8.3 Waarom is dit gepas dat Lucky die Engelse woorde "Big deal" gebruik? (1)

8.4 "Jy moet maar dadelik begin." (Reël 11)

Noem TWEE dinge wat Wilma vir Lucky gegee het om te doen? (2)

8.5 Waarom was dit verkeerd van Lucky om Wilma te ignoreer? (1)

8.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (8.6) en die letter (A–D) neer.

Binki was selfbewus (reël 14) omdat sy…

A Lucky nie geken het nie.
B nie gewoond was aan die perde nie.
C vir die eerste keer die saals moes skoonmaak.
D nie geweet het hoe om hierdie konfliksituasie te hanteer nie. (1)

8.7 "Ek gaan flippenwil dood wees voor my tyd om is. " (Reël 15)

8.7.1 Na watter tyd het Lucky verwys? (1)

8.7.2 Hoe lank sou hierdie tyd wees? (1)

8.8 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

As Wilma sê Lucky moet ophou om kru te wees (reël 17), bedoel sy, hy moet ophou om (lelike woorde te gebruik/die hele tyd te kla). (1)

8.9 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (8.9) en die letter (A–D) neer.

"Jy kry nie middagete voordat jy nie alles weg het na die hoop daar anderkant die stalle nie." (Reël 18–19)

Hierdie woorde van Wilma is 'n voorbeeld van …

A stereotipering.
B manipulering.
C partydigheid.
D gevoelstaal. (1)

8.10 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (8.10.1–8.10.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 8.10.1 Lucky | A … is elegant en rustig. |
| 8.10.2 Wilma | B … hou nie van kontak met ander mense nie. |
| 8.10.3 Binki | C … is streng, maar het 'n goeie hart. |
| 8.10.4 Lady Jane | D … is oulik en parmantig. |
| | E … sukkel om na ander te luister. |

(4 x 1) (4)

8.11 Dink jy die manier waarop Lucky vir Binki gegroet het (reël 6), wys dat hy goeie maniere het? Motiveer jou antwoord. (1)

8.12 Lucky wou nie by Wilma-hulle wees nie en het daarom nie die situasie goed hanteer nie.

Hoe, dink jy, moes Lucky eerder hierdie situasie hanteer het? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS Q**

| | |
|---|---|
| **Lucky** | *(Begin om Lady Jane se stal uit te hark.)* Die lewe is nie fair nie. |
| **Wilma** | Nee, dit is nie. Maar jy maak jou eie probleme. |
| **Lucky** | Kyk net hoe stir ek die shit, hoe meng ek die mis. |
| **Wilma** | Jy is nogal 'n goeie miskruier. |
| | *** |
| **Wilma** | Ek bly besig. |
| **Lucky** | Jy is darem nie so besig soos Binki se ma nie. |
| **Wilma** | *(Lag.)* Niemand is so besig soos Binki se ma nie. |
| **Lucky** | My ma het baie tyd vir my. Dis een ding wat ons armes baie van het. Tyd. As ons armes maar net ons tyd kon verkoop het. Dit sal nou regte timeshare wees. *(Hulle lag vir sy grap.)* Jy het baie tyd vir Binki, nè. |
| **Wilma** | Dis maklik om vir Binki tyd te hê. |
| **Lucky** | Jip, dit lyk so. *(Aarsel.)* Antie? Kan ek jou iets vra? |
| **Wilma** | Noem my Wilma. |
| **Lucky** | No way. Ek kan nie. |
| | *** |
| **Lucky** | Dis al? Hy val en toe val jy? |
| **Wilma** | Hy het sy been gebreek. My skouer was uit lit uit. Ons het daar gelê tot dit lig word. Die val het my nugter geskok, maar hy – Ek het by hom bly lê. Hy was in verskriklike pyn en angs. Dit het vir ure en ure en ure aangehou. Die veearts moes hom skiet – maar later eers. Daar was nie genade vir Grace nie. |

Kopiereg voorbehou 

8.13 "Maar jy maak jou eie probleme." (Reël 2)

Wat het Lucky verkeerd gedoen dat die magistraat hom gestraf het? (1)

8.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (8.14) en die letter (A–D) neer.

"Jy is nogal 'n goeie miskruier." (reël 4) is ŉ voorbeeld van …

A ironie.
B kontras.
C ŉ metafoor.
D ŉ vergelyking. (1)

8.15 Lucky vergelyk sy ma met Binki se ma.

8.15.1 Watter werk het Binki se ma gedoen? (1)

8.15.2 Watter werk het Lucky se ma gedoen? (1)

8.15.3 Noem TWEE dinge van sy ma se werk waaroor Lucky baie ongelukkig was. (2)

8.16 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (8.16) en die letter (A–D) neer.

*(Lag)* in reël 7.

Hierdie woord is skuinsgedruk en tussen hakies, want …

A dit wys vir die gehoor dat hulle moet lag.
B dit beklemtoon die grap wat Lucky gemaak het.
C dit wys wat die karakter op daardie oomblik doen.
D dit maak die gesprek tussen die karakters interessant. (1)

8.17 Waarom kan ons sê dat die verhouding tussen Wilma en Lucky verbeter het? (1)

8.18 Wilma sê: "Dis maklik om vir Binki tyd te hê." (Reël 12)

Wat, dink jy, bedoel Wilma met hierdie woorde? (1)

8.19 Hoekom wou Lucky nie vir Wilma op haar naam noem nie? (1)

8.20 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die veearts het die perd geskiet.
- Wilma het te veel by 'n partytjie gedrink.
- Die perd het in 'n gat getrap en sy been gebreek.
- Wilma het vinnig met die perd deur die veld gejaag. (4)

8.21 "Daar was nie genade vir Grace nie." (Reël 21)

Grace beteken genade.

Waarom kan ons sê dat hierdie naam nie 'n gepaste naam vir die perd was nie? (1)

8.22 Die titel van hierdie drama pas nie by die drama nie.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

8.23 Waarom kan ons sê dat Lucky die lewe by die ryskool vir homself moeilik gemaak het? (1)

8.24 Dink jy Lucky se naam het by sy omstandighede gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

8.25 Binki het 'n traumatiese ervaring met haar hond en Lucky met die katjies gehad.

Hoe verskil die twee karakters se optrede teenoor hierdie diere? (2)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou